

Eksodus 3:1-22

Ek is want God is

Inleiding:

- Aangename kennis.
 - Dis die woorde wat ons gewoonlik sê wanneer ons iemand ontmoet.
 - Of ons hierdie woorde werklik bedoel is 'n storie vir 'n ander keer.
 - Gewoonlik gaan die aangename kennis saam met 'n naam wat ons hoor en wanneer ons begin om iemand te leer ken.
 - So begin jy leer wie iemand is.
 - Met sommiges gaan die pad verder en ken ons mekaar later so goed dat ons vriende word.
- As jy vandag aan jousef voorgestel word, is dit steeds 'n aangename kennis?
 - Weet jy eerstens wie jy is?
 - En hou jy van hierdie persoon?
- In Eksodus 3 word ons met die vraagstuk van identiteit gekonfronteer.
 - Wie is jy?
 - Gereeld probeer ons om hierdie vraag te antwoord met wat ek doen, wat ek bereik, of wie mense sê ek is.
 - Calvyn voer aan dat geen mens reg kan ken as jy nie jousef ken nie, en daarmee saam dan ook die omgekeerde.
 - Daarom begin ons vandag deur vir mekaar die vraag af te vra – Wie is God?
 - Ons bely saam in NGB art. 1 wie God is.
 - Daarin sien ons die troos wie God werklik is.
 - So hoor ons dan vanoggend hoe die Here ons troos vanuit Eks. 3 – Ek is want God is.

Wie is Moses?

- Wie was Moses?
 - Moses was 'n Israelitiese seuntjie.
 - Hy is gebore in Egipte nadat die volk jare van tevore na Egipte getrek het tydens die groot hongersnood.

- Nadat die farao die opdrag gegee het dat al die seuntjies doodgemaak moes word, het Moses se ma hom in die Nyl in 'n biesie mandjie weggesteek.
 - Die farao se dogter het hom gekry en so is Moses in die paleis van die farao groot gemaak.
 - Hier in die huis van die farao was daar geen tekort nie.
 - Moses het in weelde geleef en net die beste gehad.
 - Hy het status gehad want hy is 'n paleisbewoner.
 - In Eks. 2:11-14 lees ons waar Moses eers 'n Egiptenaar doodslaan en later dan konflik wil uitsorteer tussen twee Israeliete word hy weer as die moordenaar beskryf.
 - Hier begin Moses dan worstel met sy identiteit.
 - Hy vlug na sy skoonpa, Jetro, toe en gaan pas sy skape op.
 - Dit is opvallend dat hierdie egiptiese paleisbewoner gaan skape oppas.
 - Vroeër in Gen. 46:34 lees ons dat die egiptenare die kleinveeboere geminag het.
 - Moses bevind homself hier in die vreemde wildernis.
 - In die oë van die egiptenare is Moses 'n israeliet en in die oë van die israeliete is Moses 'n egiptenaar.
 - Moses is ook emosioneel in die wildernis want hy het geen idee wie hy is nie.
 - Hy is nie 'n israeliet of 'n egiptenaar nie.
 - Hy is identiteitloos.
- En binne hierdie swerftog van identiteitloosheid roep God vir Moses.
 - In hierdie wildernis verskyn God aan Moses.
 - In die vreemde roep God vir Moses.
 - Maar Moses antwoord God met 'n vraag.
 - Wie is ek?
 - Moses wil weet wat maak hom waardig om deur God geroep te word.
 - Wat is Moses se identiteit, maak dit moontlik dat God hom wil gebruik.
 - So kruip Moses weg agter wie hy dink hy is.
 - Maar God antwoord nie wie Moses is nie.
 - God antwoord wie Hy is.
 - Hy is die verbondsgod.
 - Hy antwoord – Ek is.
 - Onveranderlik

- Ewig
 - Permanent
- Omdat God is wie Hy is, is Moses.
 - Ons weet wie God is, daarom kan ons ook weet wie ons is.
- In die verloop van geskiedenis sien ons op 'n gereelde basis dat die volk vergeet wie hulle is.
 - Dan moet God hulle deurlopend herinner.
 - God moet dikwels die valse identiteit afbreek wat die volk vir hulleself opbou.
 - Daarom voer Hy hulle later ook weg in ballingskap.
 - Jy is nie die beloofde land nie.
 - Jy is nie die tempel nie.
 - Jy is nie die koningslyn nie.
 - God bou hulle identiteit dan weer op wat in Christus gesetel is.
 - God leer dat ons identiteit in Hom gewortel is, want Hy is die een wat ons gemaak het.
 - Daarom kan ons wees wie God ons gemaak het om te wees.

Wees wie jy is

- In Lev. 19:2 beveel God – *Wees heilig, want Ek is heilig.*
- Eks. 20
 - In die wet van die Here bevestig, herinner en herhaal God wie Hy is.
 - Daarom begin die wet met die inleidende woorde van wie God is en wat hy gedoen het.
 - Omdat God is, kan Hy ook eis
- God eis dat ons ons identiteit in Hom moet vind.
 - Jy is geskep na die beeld van God.
- Wees wie God jou gemaak het
 - Die realiteit is dat jy egter gaan tekort skiet.
 - Jy gaan misluk.
 - Jy gaan nie daarby uitkom nie want jy is 'n gebroke mens.
 - Daarom moet ons so seker wees van ons identiteit wat gewortel is in Christus.
 - Jesus bevestig met sy Ek is uitsprake dat Hy eerstens God is en tweedens dat ons werklik afhanklik is van die Here.
- Is dit maklik om te leef as jy verseker is van jou identiteit in Christus?
 - Nee.
 - 2 Kor. 12:10

- *Daarom is ek bly oor allerhande swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.*
 - Johannes 15:18
 - *As die wêreld julle haat, onthou Hy het My voor julle gehaat*
 - Uitdagings
 - Dikwels vernietig ons onself deur ons identiteit op die verkeerde plekke te gaan soek.
 - Ons laat ander mense en sosiale druk toe om ons identiteit te bepaal.
 - So ook breek ons onself af.
 - Jou eie grootste vyand
 - Ek wil voor God wil.
 - Rom. 6:6
 - *Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is.*
- God gebruik jou met jou identiteit
 - God eis gehoorsaamheid, nie volmaaktheid nie.
 - God het nie vir Moses in die wildernis gaan roep omdat Moses volmaak was nie.
 - Moses was nie perfek en sondeloos nie.
 - Hy het sy eie tekortkominge gehad.
 - God gebruik jou in jou uniekheid
 - 'n Volmaakte God roep onvolmaakte mense.
 - God vorm jou identiteit deurlopend.
 - God is daagliks met jou besig deur die pad van heiligmaking.
 - Hy vorm jou in jou identiteit om al nader aan sy wil te kom sodat ons ook gehoorsaam kan wees in die roeping wat God vir elke gelowige gee.
 - Sodat mense kan sien wie God is, in wie jy is.
 - Daarom is jou identiteit so belangrik.
 - Jy is na God se beeld geskep.
 - As jy dus 'n valse beeld voorhou dan sien die wêreld daarbuite 'n valse God.
 - Jou valsheid wys God is vals
 - En God kan nie vals wees nie, daarom moet ons opreg en eerlik met ons identiteit in Christus leef.
 - Heilige Gees vorm en verander soos wat God jou wil hê.

Slot

- Ek is sodat jy kan wees.
 - Omdat God is wie Hy is, verander Hy ons daagliks deur sy gees sodat ons werklik kan word wie God wil hê ons moet wees.
 - God is.
 - Hy is nie gebonde aan tyd of plek nie.
 - Sy identiteit staan ewig en vas dit laat ons toe om te kan wees wie ons werklik in Christus is.
 - Jy is wie jy is
 - In Christus
 - God se kosbare besitting
 - Kind van God